

# "DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG  
(Jaargang 23 - nr. 37)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

10 September 2023

## EREDIENS prof. Naas Ferreira

### Erediens – 9h30

#### LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Psalm 51

Teks: Psalm 51: 6, 12

Sing- VOORAF SANG: Sb. 2-4 (33): 2, 3

TYDENS EREDIENS: Ps. 66: 1,2; Ps. 68:1;

Ps. 91: 1, 5; Sb. 5-3 (8)1, 2

#### WAT MAAK JY MET SONDE?

Oor die feit dat daar sonde in die wêreld is, kan niemand stry nie, maar ons moet erken mense weet oor die algemeen nie regtig wat om daarmee te maak nie.

Sommige mense maak vrede daarmee (dit is nou maar so – kom ons aanvaar dit en gaan aan); sommige ontken dit (asof dit nie regtig bestaan nie – waaroor al die bohaai?); ander wil dit ignoreer (asof dit nie regtig belangrik is nie – en dit terwyl die hele mens se bestaan daardeur beïnvloed word); baie blameer ander vir die krisis (dit is nie my skuld nie – altyd 'n verskoning); die meeste dink hulle gaan daarmee wegkom (maar watter ontnugtering wag op hulle), want hier is die groot werklikheid wat elke mens op aarde moet besef ... God is ernstig oor die sonde.

Dit gaan nie oor hoe mense daarvoor dink of voel nie – dit gaan oor wat God daarmee maak. Hy kan dit nie verduur nie; Hy ignoreer dit nie; Hy vee dit nie onder die mat in nie; Hy blameer nie iemand anders daarvoor nie; Hy kyk nie anderpad nie ... toe koning Dawid egbreuk en moord gepleeg het en dalk gedink het hy kan dit op sy eie hanteer, het God die profeet Natan gestuur en hy het vir Dawid gesê – Jy is die man!

Wat gaan jy nou daaraan doen?

Vooraf sang: Sb. 2-4 (33): 2, 3

#### Ontmoetingsdiens

Votum

Lofsang: Ps. 66: 1,2

#### Geloofsbelydenis

(Apostoliese Geloofsbelydenis)

#### Verootmoediging en versoeningsdiens

Wet

Sing:

Ps. 68: 1

#### Woorddiens

Gebed

Sing: Ps. 91: 1, 5

#### Skriflesing: Psalm 51

Teks: Psalm 51: 6, 12

#### WAT MAAK JY MET DIE SONDE?

#### Dankgebed

Kollekte

Liefdesdiens kollekte – DVB (Diakonie)

By die deure – Thusofonds

#### Slotsang

Sing-

Sb. 5-3 (8)1, 2

#### Wegstuurseën

## KOLLEKTES

**Sondag 10 September 2023**

In die banke: DVB (Diakonie)


By die deure: Thusofonds

**Sondag 17 September 2023**

In die banke: DVB (Diakonie)

By die deure: Teologiese Studentekas

***U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...***



## WYK – DIENSBEURT

Sondag – 10 September Wyk 3

Ouderling: Jan Kruger

Diaken: Viljoen van der Walt

## VERJAARSDAE

14 September Illé Reinecke

16 September Drickus Nel

16 September DJ Vermeulen

16 September Lica Vermeulen

19 September Marina Reinecke

19 September Bella van der Merwe

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

## LIEF EN LEED

Almal wat in hierdie tyd ongesteld is, operasies ondergaan het of nog moet ondergaan, ons bid u Gods seën op 'n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwens aan br en sr Ruan en Jolané Muller met die geboorte van hulle seun hierdie week. Mag Gerben vir julle ook baie vreugde bring ook as deel van hoe God sy verbond in ons kinders bevestig.

Br Kobus Swiegers bid ons volkome herstel toe na hy aan sy skoueroperasie. Mag dit ook 'n groot sukses wees.

Sr Magdalena Schoeman het nog 'n lang pad na herstel. Mag die Here haar in die tyd naby wees en haar ook genees en weer sterk maak.

## OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang in vorige finansiële jaar	R642 335-00
Totaal van dankoffers vir huidige boekjaar	R371 965-00
Totaal van dankoffers vir Augustus 2023	R37 050-00
Totaal van dankoffers vir September tot op hede	R18 080-00
Kermis inkomste vir 2023	R226 950-04
Werklike inkomste vorige finansiële jaar	R 1 229 127-71
Werklike uitgawes vorige finansiële jaar	R 1 262 182-08
Ramings per lidmaat per jaar (ingesluit Klassis en Streeksinode)	R572-00 per lidmaat per maand

Voorsitter is oudl. Albertus Viljoen (082 808 4168)

## DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Ons dankbaarheid voor die Here moet altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by

<https://bit.ly/3j1e2xT>

## ALGEMENE KERKNUUS

### GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by:

<http://bit.ly/2SxThy0>

## KATEGESE

Geen Laerskool kategese vandag nie.

Ons Hoërskool -kattisante is daar op 5 September 2023 'n YouTube opname gemaak en nuwe les is deurgegee. Die laaste les is beskikbaar by <https://youtu.be/cMexiUqaR0U> Al die lesmateriaal vir ons Hoërskool jeug is ook op ons webwerf beskikbaar. Die Geloofsleer boek waaruit hoofsaaklik gewerk word kan by <https://bit.ly/3RdpJDz> afgelaai word. Die volgende les sal DV weer op 19 September opgeneem word.

## BYBELSTUDIE - <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

Ons het ons Bybelstudies rondom die groot tema van Gebede uit die Here se Woord afgesluit. Ons het na 30 gebede in die reeks gekyk. Die laaste Bybelstudie was 'n gebed van die Heilige Gees Self. *Amen, Kom Here Jesus* U kan in die Bybelstudie deel by <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

## HUIS JAN VORSTER (HJV)

Ons is dankbaar dat u die belange van hierdie tehuis ook in u hart, gebede en beursies met u saamneem. Die afgelope sustersaamtrek wat op 11 Maart gehou was het groot hoeveelhede toilet en ander higiëniese produkte aan Ouetehuis kon skenk. Ons is dankbaar daarvoor. Daar het ook kontant-skenking vanaf diakonie van Gerf Kerk Kimberley vir HJV ingekom. Daarvoor is daar ook groot dankbaarheid.

## PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND) EN KATEGISMUS-PREDIKING

Pretoria FM het ons genader vir opnames van 'n erediens, Dagopening en Dagsluitings, Oggendoordenkings en Huisgodsdienste. In totaal het hulle 27 opnames van ons af nodig. Almal wat graag hierin wil help en van die opnames wil doen, kan asb. met dr. Petrus kontak. Hy sal ook in die tyd sommige van ons lidmate vra om tuis van die opnames te maak. Gewoon die opname op WhatsApp se opnemer kan ook werk..

## VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na [www.vsod.co.za](http://www.vsod.co.za). Op Facebook kan u gaan na [bit.ly/2OoU0nf](https://bit.ly/2OoU0nf)

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansiële tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

Ons dink ook aan die gevaarlike verwickelinge aan die Oos-Europese grens op die stadium. Daar is deur dr. d'Assonville al op 'n besondere wyse ook in die Oekraïne gewerk en na gereformeerdes in die geweste uitgereik. Ons dink aan ons mede-broeders en susters in die oorlogsgebeure in hierdie land.

Dit is met dankbaarheid dat ons besef daar is heelwat gemeentes en individue wat hierdie bediening volhoubaar ondersteun. Ons vertrou dat nog meer gemeentes betrek kan word.

## ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik....

Ons het die publikasie van prof. PW Buys rondom DANS – 'n gereformeerde etiese-studie ook opgelaai

U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

## KERKRAADSAKE

### VERGADERINGS:

Diakonievergadering – 12 November 2023  
Kerkraadsvergadering- 12 November 2023  
Dorkasvergadering- 12 November 2023

## KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg  
Posbus 74 Postmasburg  
E-pos: [admin@gksa-postmasburg.co.za](mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za)  
Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert270@gmail.com
Admin Beampste	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br. Francois Marais	076 612 2255	
Kassier	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	ajviljoen@soetfontein.co.za
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

**Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:**

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

## STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning 3/9	<b>30</b>
Kollekte (Diakonie)	
Kollekte (Deure)	
Kollekte Dorkas susters	
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	

## GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Kerkkas	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782



**Daar is nog heelwat wors in die kerk se vrieskaste beskikbaar. Snitte vleis is daar ook nog heelwat van oor. U kan vir br Francois Marais nader as u van die wors/vleis wil aankoop. Hy is Woensdae nie beskikbaar nie. Op enige van die ander dae is hy vanaf 8h30 tot net na 10h00 by kerk. Hy kan geskakel word by 076 612 2255. Of anders kan u dr. Petrus of sr Christine ook kontak as u op ander tye gehelp wil word. Petrus se nommer is 084 704 2348. Christine se nommer is 084 511 9620. Ons hoop dat ons spoedig die voorraad mag uitput?**

**Doen wat reg is en jy sal baie stampe kry, maar nie in jou gesig nie (CJ Langenhoven).**